

13 Februarie

Skrifgedeelte: Rigters 1-2

Fokusgedeelte: Rigters 2:6-10, 16, 19

Leer ken die ware Rigter

Die vraag wat ons onself op elke bladsy van hierdie boek van die Bybel moet afvra, is: Met wie identifiseer ek? Meeste van ons sal onself dadelik met die rigter vergelyk waarvan ons lees. Is ek so dapper soos hy of sy? Is my geloof so sterk en my gehoorsaamheid so radikaal? Het ek so 'n eerlike verhouding met die Here soos hy of sy?

Wanneer ek egter die boek Rigters op hierdie manier aanpak, skep dit groot probleme, want dit los my met 'n wet in my hart: Ek moet meer soos Gideon of Debora wees, harder probeer, meer gee, meer glo, dapperder wees.

Dis egter nie die evangelie nie. Die boek Rigters wil veel eerder vir ons vertel van God wat ons nie in ons grootste sonde en opstandigheid aan onself oorlaat nie. Ons is in realiteit soos die volk, die gepeupel, die massas wat keer op keer ons rûe op ons Koning draai, net om die slegte gevolge daarvan te beleef. Sonder sy ingrype is daar geen hoop nie. Hy gryp egter sonder ophou in. Die Here het leiers na vore laat kom ... (2:16). Dis die kernboodskap van Rigters! Die onvolmaakte verlossing wat die swak, menslike rigters bring (vgl. 2:7, 19) moet my en jou keer op keer laat juig oor die volmaakte verlossing wat die ware Rigter, Jesus Christus gebring het vir elkeen wat glo.

Omdat Hy die straf in my plek gedra het, kan ek keer op keer wanneer ek my opstandigheid raaksien, na God toe kom daarmee en reken op sy genade! Omdat Hy opgestaan het uit die dood en lewe (anders as Josua, vgl. 2:10), kan ek God deur Hom leer ken en ek kan die krag van sy opstanding binne in my lewe beleef deur die werking van sy Gees.

Moet dus nie in hierdie boek 'n voorbeeld soek om te volg nie. Nee, bid en vra en soek daarna om die ware Rigter te leer ken en oor Hom te juig, wanneer jy die boek Rigters lees.

Sing: Psalm 38:1, 8, 17

Ds TF Dreyer (Randburg)